**Moses en die volk as tipe van Jesus en die gelowiges**

**Eks 17:8-18:27**

**21 April 2024**

1. Vantevore: (1) Bitter water by Mara – die Here gee soet lewende water, d.i. Jesus. Die Here verwag gehoorsaamheid (2) Manna in Sinwoestyn – Die Here gee ware brood uit die hemel, d.i. Jesus. Die Here toets die volk se gehoorsaamheid (3) Water uit die rots by Refidim – Ongehoorsaamheid het tot gevolg dat rots geslaan moet word, d.i. Jesus. Tipe van Jesus se Hoëpriesterlike werk. Dit verseker voortdurende toegang tot lewende water.
2. Oorlog van die volk teen die Amalekiete (Eks 17:8-16)
    a. By Refidim (v8), Amalekiete woon by Kades in Negev woestyn
    b. Amalek was Elifas se seun, kleinseun van Esau (Gen 36:12) – moes vertroud gewees het met die beloftes van die Here aan Abraham
    c. Amalekiete het agterhoede van die volk aangeval (Deut 25:17-19)
    d. Josua en volk moes veg; Moses, Aäron, Hur op die berg (v9,10)
    e. As Moses sy hand omhoog hou, wen Israel; laat sak, verloor Israel (v11)
    f. Moes neerskryf; Amalekiete sal uitgeroei word (v14, vgl 1 Sam 15, 2 Sam, Ester 3:1)
    g. Betekenis van die gebeure:
        - Nuwe rolspeler: die Amalekiete, vyandig teen volk, maar die volk moet veg
        - Moses is "buite" geveg, maar het groter effek as die volk se geveg
        - Moses is tipe van Jesus as Koning (vgl Ps 2:1-4)
        - Soos Moses op berg sit, sit Jesus in die hemel (vgl Op 5 – Leeu en Lam)
        - Soos Moses geveg bepaal, bepaal Jesus die stryd teen die duiwel (Op 13)
        - Gelowiges moet deelneem aan die stryd
3. Jetro se besoek (Eks 18:1-27)
    a. Jetro is Moses se skoonpa, priester van Midian (v1, Eks 2:18, 21, 3:1)
    b. Onduidelik hoekom Sippora en seuns by Jetro was (v2)
    c. Moontlik pas Eks 18 nie chronologies in tussen Eks 17 en 19 nie
    d. Jetro prys die Here oor Sy werk in die lewe van die volk (v7-12)
    e. Moses hanteer regsake van die volk – heeldag (v13). Soek wil van die Here (v15-16)
    f. Jetro oordeel dit is uitputtend vir volk en Moses (v17-18). Sy voorstel:
        - Moses moet voorkomend leer (v19-20), bekwame manne aanstel vir eenvoudiger sake (v21-23), Moses moet groot sake hanteer (v22)
    g. Moses het dit gedoen (v24-26)
    h. Betekenis van die gebeure:
        - Kan onderlinge geskille verwag binne die volk, tussen gelowiges
        - Geskille moet hanteer word in die lig van die wil van die Here – Moses en ander moes die wil van die Here aan die volk leer
        - Moses is tipe van Jesus as Profeet (vgl Joh 17:6-8)
        - Moses moes bekwame manne aanstel: Jesus stuur sy dissipels uit o.l.v. die Heilige Gees (Joh 14:26), kerkleiers moet bekwaam wees (Hand 6:2-4, 1 Tim 3:1-4)
4. Samevatting:
    a. Water uit rots: innerlike worsteling, behoefte aan versoening, Jesus as Hoëpriester
    b. Oorlog teen Amalekiete: stryd teen wêreld, gelowiges neem deel, Jesus as Koning
    c. Jetro se besoek: onderlinge geworstel, gelowiges moet God se wil geleer word, Jesus as Profeet